

Eenvoud is die kenmerk




DIAGRAM 1 — Rand met blaarmotief

BENODIGDHEDE: 14 bolle wit Coats Chain-Mercer Nr. 10; (25-g-bolle); hekelpen van 1,50 mm.

MATE: Die voltooide tafeldoek is ongeveer 120 x 120 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; vlg - volgende; sp(s) - spatie(spasies); bl(s) - blokkie(blokkies); beg - begin.

V-steek: 1e ry: *(1lb, 1ks, 1lb) in dieselfde steek, slaan 2 ste oor; herh van * tot einde.

2e ry: *(1lb, 1ks, 1lb) in elke 1-ks-sp.

Lasette: 1e ry: *1lb, 3ks, slaan 2 ste oor, 1kb, 3ks, slaan 2 ste oor; herh van * tot einde, eindig met lb in laaste lb.

2e ry: 1lb in lb, *5ks, 1lb in vlg lb; herh van * tot einde.

Let wel: Die tafeldoek word aaneengehekel, maar die grootte kan aangepas word deur die V-steekrand breër of smaller te maak. Daar moet in dié geval met meer steke begin word.

AANWYSINGS: Beginry: 500ks, draai.

1e tot 3e ry: Deurgaans lb.

4e ry: Raadpleeg diagram vir blaarmotief-rand, onthou dat dit langs die sykante in een rigting deurloop tot tweede dwarsrand, soos op foto gesien kan word.

Volg die diagram noukeurig om plasing van V-steekrand, en later die omranding van roosmotief in middel en die motief self presies reg te plaas.

Hekel 'n ry kortbeen of krapsteek, d.w.s., kortbeen van links na regs rondom die hele kleed wanneer laaste randmotiefry voltooi is, om kleed finaal af te rond.

